Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus. Fil. 1:27

16 Maart 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Piet Venter

Ons dank die Here dat ons vandag weer die voorreg het om die Nagmaal van ons Here Jesus te vier, veral in die lig van die jongmense wat dit vandag vir die eerste keer kan beleef. Almal wat aansoek by die kerkraad gedoen het, word uitgenooi om saam met ons die Sakrament te vier.

Ons sluit vandag die reeks oor die "Evangelie" af. Ons kwartaaltema vir die Woordbediening: Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus.

Die reeks sover:
Preek 1 - Fil. 1: 27: Lewe waardig jou hemelse burgerskap.
Preek 2 - Jes. 40: Die evangelie is God se uitkoms, troos en hoop vir moedelose mense.
Preek 3 - Matt, 4: Die goeie nuus (evangelie) is: Christus is die Koning – buig voor Hom.
Preek 4: Efesiërs 2: 1 - 10 Die volle waarheid van die evangelie is: jy was verlore, God het jou uit genade verlos sodat jy dankbaar Sy goeie dade kan doen.

Vandag kyk ons na die "evangelie van vrede" wat Jesus Christus gebring het. Sonde bring skeiding tussen mense onderling en ook tussen mense en God. Christus is die evangelie van vrede want Hy het ons met God versoen. Deur hierdie vrede wat Christus bewerk het, plaas Hy ons in die mees ongelooflikste, bevoorregte posisie as mense met oorvloedige geestelike rykdom. Waar ons sonder Christus ver van God was en geen hoop gehad het nie, is ons nou by God en is alles wat ons kan droom om te wees en te besit.

Tema: Jesus, die Evangelie van vrede, versoen mense met mekaar en met God deur Wie ons oorvloedige geestelike seëninge ontvang.

Aanbiddingslied ter voorbereiding van die erediens
Sb. 10 - 2: 1

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 113 - 1: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied Sb. 1-1: 1, 3, 5 (tweede mel); Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Nagmaalformulier Deel 1 tot by selfondersoek; Sing die Wet uit Sb 9-2.
Sing vers 1; liturg lees verse 2 - 7; Sing vers 8 en 9; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Efesiërs 2: 11 - 22;

Teksverse:14 en 17; Sing Ps. 112 - 2: 1, 2 (Kleuters na hulle bediening); Woordverkondiging; Sing Sb. 4 - 6: 1 (staande)

Sakramentbediening
Nagmaalformulier, Sing Sb. 17 - 3: 1; Nagmaalbediening; Sing aan tafel Ps. 116 - 1: 7, 10;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe (Diakonie - Groot boks en Teol. Studentekas - Klein boks); Sing Sb. 5 - 3: 1, 2; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

AANDDIENS: Ds. Piet Venter

Tema: Die Heilige Gees lei ons om nie meer soos slawe te lewe nie, maar soos kinders van God.

Lofsang met die oog op die erediens:
Lied 438: 1, 2; Lied 448: 1, 2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1, 2; Votum; Groetseën; Loflied Sb. 2- 4: 1, 3; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Galasiërs 3: 21 - 4: 7;
Teks: Galasiërs 4: 6 - 7
Belydenis: Dordtse Leerreëls hf. 5: par 11 - 13 en Sondag 20; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawe (Diakonie - Groot boks en Teol. Studentekas - Klein boks); Sing
Sb. 12 - 6: 1, 4, 5; Seën; Amenlied: Sb. 13-2.

🙏 Maart 2025🙏

Gebed, hetsy saam met ander of alleen, is ‘n belangrike manier om met God te kommunikeer. Terwyl gesamentlike gebed ‘n belangrike rol speel, moedig Jesus ons aan om ook in privaatheid met God te praat, waar ons ons diepste gedagtes en behoeftes eerlik aan Hom kan openbaar.
<u>Matteus 6:6</u> “Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”
Jesus leer dat gebed in privaatheid ‘n diep, persoonlike verhouding met God bevorder. Hy sien en waardeer ons toewyding en beloof om ons te beloon en te seën.

God verlang opregte en eerlike kommunikasie met Hom, soos met ‘n geliefde. Alhoewel gememoriseerde gebede nuttig kan wees, verlang God ons Vader ‘n hartlike en egte smeking bo blote woorde. Jesus sê die volgende oor opregtheid in ons gebede:
<u>Matteus 6:7-8</u> “Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene ‘n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.”

Alhoewel God ons behoeftes ken, wil Hy hê dat ons met opregtheid en vertroue bid, wetende dat Hy ons beste belange op die hart dra en elke gebed met liefde en trou sal beantwoord.

Volharding en konsekwentheid in gebed is belangrik. God raak nooit moeg om ons versoeke te hoor nie, al herhaal ons dit. Jesus moedig ons aan om aanhoudend te bid en op God se antwoord te vertrou.
<u>Matteus 7:7-8</u> “Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.”

- ➢ Sonder daagliks ‘n stil tyd af vir persoonlike gebed sonder afleiding.
- ➢ Fokus op ‘n opregte en volgehoue verhouding met God eerder as die tydsduur van jou gebed.
- ➢ Wees privaat, opreg en volhardend—dit sal jou geloof verdiep en jou afhanklikheid van God versterk.

MEELEWING

- Douw Grobler sukkel steeds met sy hartritme en gesondheid en moet hierdie week ‘n spesialis in Pretoria gaan sien.
- Sanet Ras het baie verswak en is bedgebonde. Sy word tuis versorg.
- Estette Bredenkamp is weer in MooiMed opgeneem vir behandeling en ons bid dat dit hierdie keer meer suksesvol sal verloop.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

ONS GROET

- Louis en Heleen Geldenhuys wat met attestaat vertrek na GK Potch-Suid.
- Jandre, Lolanie en Loandré de Klerk wat met attestaat na GK Kroonstad vertrek.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Tee en Koffie
12:00 Nagmaalete
18:00 Aanddiens

Maandag
18:00 Ouderlinge-vergadering - Begroting

Dinsdag
Geen Manne-ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie vir Gr 8 - 10

Woensdag
Geen Bybelstudie
17:45 Naskoolse jongmense en studente:
Bybelstudie
Geen Gr. 11 Katkisasie

Vrydag
Menseregtedag: Kerkkantoor gesluit

Ds. Piet is twee dae uitstedig

Ds. Piet is Dinsdag en Woensdag in Pretoria met kerklike vergaderings besig.

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Teol. Studentekas (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Jan Kriel.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 34 en 35.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 16 Maart
Sr Dané Greyling
Br Kobus vd Walt

Maandag, 17 Maart
Br Andreas Alerts
Jbr Ludick Delport

Dinsdag, 18 Maart
Sr Phillis du Plessis
Sr Sanet Heystek
Br Hugo Huisman

Woensdag, 19 Maart
Jbr Adriaan Kruger

Vrydag, 21 Maart
Sr Hanlie Bezuidenhout

Saterdag, 22 Maart
Sr Petro Liebenberg
Sr Esta v Niekerk
Sr Tineke v Rooyen

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae –
75 jaar en ouer

SAKE VAN DIE OUDERLINGE-TAFEL

1. **Besoeke aan vakante groepe.**
Die ouderlinge wil graag weer lidmate in vakante groepe besoek. Lidmate in hierdie

onderstaande groepe kan dus binnekort besoeke verwag:
Groep 22 - Oudl. Pieter Pretorius en Ds. Piet
Groep 24 - Oudl. Walter en
diaken Mariana Plotz
Groep 27 - Oudl.Pierre Volschenk
Groep 29 - Oudl. Anton Styger en
Oudl. Christo vd Walt
Groep 30 - Oudl. Hugo Huisman
Groep 31 - Oudl. Huib v Hamburg

2. In watter groep is jy/jou huisgesin?
As jy onseker is oor jou Groepnommer: daar is ‘n Alfabetieselidmaatlys op die kennisgewingbord in die voorportaal van die Skuur. Gaan kyk gerus in watter groep jy is. Ons sien dat daar lidmate is wat nog wyknommers van 10 jaar gelede aandui op hulle Dankoffervorms.

3. Dankoffervorms
Die kerkraad is baie afhanklik van die Dankoffervorm van elke lidmaat om ‘n verantwoordelike begroting op te stel. Indien jy in ‘n vakante groep is of jy dalk nog nie jou vorm ingevul het nie, doen dit asb so gou as moontlik en stuur dit aan die Kerkkantoor of handig dit by jou ouderling in.

4. Foto’s van lidmate vir Groepborde in die Skuur
Ons kort nog heelwat fotos van lidmate op die fotoborde. Stuur asb jou / jou gesinsfoto aan die kerkkantoor per WhatsApp.

5. Die Begroting 2025 - 26
Die ouderlinge vergader more-aand om die begroting te finaliseer waarna ‘n gemeente-vergadering gehou sal word om die begroting met die gemeente te bespreek.

KENELKANDER
Die Kenelkander is in die voorportaal van die saal beskikbaar, vir lidmate wat bestel het. Baie dankie aan Marike Grobler (Venter) vir die pragtige voorblad ontwerp! Dankie ook aan lidmate wat as borge optree vir die drukwerk.

DIENELKANDER PER E-POS?
Indien daar lidmate is wat skielik nie meer die Dienelkander per e-pos ontvang nie, moet hulle asb die kerkkantoor laat weet.

KENNISGEWINGBORD
Paneelgesprek: Onteieningswetgewing:
Dr. Pieter Mulder en span.

GKSA NUUS

Beroepe ontvang
Ds DJ (Dirk) Dykstra van GK Nigel na GK Potgietersrus.

Beroepe aanvaar
- Ds DJ (Dirk) Dykstra van GK Nigel na GK Potgietersrus.
- Ds GP (Gerben) Meijer van GK Waterkloofrand na GK Die Kandelaar.

Beroep nie aanvaar nie
Dr G (Griffel) van Wyk van GK Rustenburg na GK Alberton-Wes.

BEROEPBAARSTELLING VAN PROPONENT SWP (SCHALK) BUYS

Klassis Potchefstroom saam met Deputate vanweë Streeksinode Noordwes (KO, art. 49) van die Gereformeerde Kerke wat op 11 Maart 2025 te Gereformeerde Kerk Cachet byeengekom het, het na ontvangs van goeie kerklike getuienis en bewys van behoorlik afgelegde kandidaatseksamen br. Schalk Willem Petrus Buys volgens art. 4 van die Kerkorde ondersoek in die vakke wat vir die beroepbaarstelling en bevestiging voorgeskryf is.
Hierdie Klassis laat hom toe, in gebondenheid aan die verklaring in hierdie vergadering onderteken, om met die oog op beroeping en bevestiging te preek.

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Ansie Jordaan en groep 3, Marietjie Riekert en groep 11, Mariana Plotz en groep 21, asook Anelle Venter en groep 29.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

BAIE DANKIE!

Baie dankie aan Hestie en die susters van Blok A wat vir ons so 'n heerlike ete voorsit vir vandag!

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 067 713 2332 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters (Nuwe rek)
FNB
Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch